


# KNOOP PUNTE

## OPSTELLE VIR EN OOR DANIE GOOSEN

KOOS MALAN, JOHANN ROSSOUW & CAREL BOSHOFF (REDS.)

# KNOOP PUNTE

## OPSTELLE VIR EN OOR DANIE GOOSEN

KOOS MALAN, JOHANN ROSSOUW & CAREL BOSHOFF (REDS.)

AKADEMIA
UITGEWERY

*Knooppunte: Opstelle vir en oor Danie Goosen* onder redaksie van
Koos Malan, Johann Rossouw en Carel Boshoff

Alle regte voorbehou.

Kopiereg © 2020 Akademia Uitgewery en die onderskeie outeurs

ISBN 978-0-620-85856-4

Hierdie publikasie mag nie gedeeltelik of as geheel geproduseer of weergegee word – ongeag die vorm, formaat of platform – sonder uitdruklike geskrewe toestemming van die kopiereghouers nie.

Teksversorging deur Chrisna Nel (FAK)

Geset in Minion Pro 10/13,5

Bladuitleg en bandontwerp deur Gerdus Senekal

www.akademia.ac.za / 0861 222 888

*Alle etse, soos gebruik in die omslag en hoofstukaanvangbladsye, is die werk van Jacobus Hendrik Pierneef (1886–1957)*

*Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur 'n ruim finansiële bydrae van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*

# INHOUDSOPGAWE

Voorwoord ........ i

Tussen wêrelde: Danie Goosen se lewe en werk ........ 1
Johann Rossouw

As die skoen sou pas: Refleksies oor skoene en filosofie ........ 11
Amanda du Preez-Goosen

Politieke teologie: ŉ Inleiding ........ 29
Alan de Benoist

Ver-Beelde of verdeelde gemeenskap? Verbond vs kontrak in die derde Afrikaner- republikeinse beweging ........ 43
Wikus Buys

Die relevansie van die *Theravāda abhidhamma*-begrip *paccaya* vir gemeenskaplike en kollektiewe bestaan ........ 81
Kobus Krüger

On Anglican extremism: The theopolitical legacy of Hooker ........ 101
John Milbank

The theological roots of modern conservatism ........ 169
R.R. Reno

The sense of belonging: Towards a lived theology ........ 185
Graham Ward

Gemeenskap met wie? Oor die rol van allegorie in kerk en kultuur ........ 211
Alwyn Swanepoel

Danie Goosen en die politieke hermeneutiek ........ 239
Pieter Duvenage

Danie Goosen se tusseninstellings anderkant Robert Nisbet ........ 261
Piet le Roux

Die ontoereikendheid van staatlik-individualistiese konstitusionalisme ........ 271
Koos Malan

Afrikaners in onstuimige wisselordes ........................................................... 309
Heinrich Matthee

Radikalisering van die politiek: Gevaar vir die demokrasie ......................... 325
Marinus Schoeman

Simbole en die Afrikaner in die huidige bestel .............................................. 337
Elirea Bornman

Die politiek van tuiskoms: Het die Afrikanervolk 'n toekoms,
en is dit belangrik? ........................................................................................... 355
Carel Boshoff

Die toekoms van multikulturalisme in Suid-Afrika:
'n Afrikanerperspektief ..................................................................................... 373
Flip Buys

Van immigrante tot burgers na Afrikaners ..................................................... 389
Hermann Giliomee

Oor oikofobie, xenofobie en oikofilia: 'n Toekoms buite bekende grense ... 403
Dirk Hermann

Gemeenskapselfstandigheid in praktyk ......................................................... 411
Kallie Kriel

Handhaaf en bou: Die FAK se bydrae tot kulturele gestaltegewing
van Afrikaneridentiteit ..................................................................................... 417
Danie Langner

Terug na 'n oorheersend Engelse openbare lewe ............................................ 435
Jaap Steyn

Vrijheid en veiligheid: Een kleine fenomenologie van
de Nederlandse identiteit uitgaande van het landschap ................................ 461
Ad Verbrugge

Bedanking ......................................................................................................... 489

# VOORWOORD

Met hierdie merkwaardige gedenkbundel word die leser die geleentheid gebied om met 'n verskeidenheid vooraanstaande gemeenskapsdenkers vanuit sowel die Afrikaanse wêreld as uit Europa en die VSA kennis te maak. Nieteenstaande die wyduiteenlopende aard van die bydraes bied hulle ooreenstemmende perspektiewe op die uitdagings waarvoor gemeenskappe vandag te staan gekom het. Met reg kan na dié bundel verwys word as een van die mees betekenisvolle 'internasionale' gedenkbundels wat in 'n lang tydperk deur 'n Afrikaanse uitgewer gepubliseer word.

In die agtergrond van die verskeidenheid stemme vanuit die hedendaagse gemeenskapsdenke staan die akademiese lewe en denke van Danie Goosen, die akademiese hoof van Akademia en emeritusprofessor verbonde aan Unisa. In vele opsigte kan die verskeidenheid stemme in hierdie gedenkbundel verstaan word as belangrike wegwysers van die intellektuele reis wat Goosen self tot dusver gevolg het. Die voorwoord tot hierdie gedenkbundel vertel iets meer oor die intellektuele reis wat Goosen onderneem het.

Goosen se lang intellektuele reis vertoon 'n sirkelagtige, meer bepaald elliptiese, gang. Sy reis het in die wêreld van die tradisionele begin. Daarna het hy in vele opsigte van die tradisie soos wat hy dit geken het afskeid geneem, om na jare as beleë intellektueel en met 'n veel grondiger begrip van die onuitputlike rykdom van ons Westerse tradisie daarheen terug te keer – en sy besondere bydrae daartoe te lewer.

Ooreenkomstig die elliptiese aard van die reis gaan die terugkeer na die tradisionele egter nie soos in 'n geslote sirkel met 'n blote herhaling van die aanvanklike tradisie gepaard nie. Nee, dit word eerder deur iets soos 'n nie-identiese herhaling van die tradisie gekenmerk, dit wil sê deur 'n herhaling waarin die tradisionele vertrekpunte nou op 'n andersoortige (verdiepte en onbevange) wyse aan die lig kom.

Ter wille daarvan om oor die sirkulêre reismotief ten grondslag van die denke te skryf, kan Goosen egter self aan die woord gestel word. In 'n ongepubliseerde artikel oor die sirkulêre aard van die intellektuele reis skryf hy onder meer die volgende. Ons haal hom breedvoerig aan:

"Reise wat deur 'n sirkelagtige struktuur gekenmerk word," skryf hy, "verteenwoordig 'n belangrike motief in die Klassieke wêreld. In die Griekse mitiese en epiese literatuur is Homeros se uitbeelding van die reis wat Odysseus weg van en ook weer terug na sy vaderland onderneem het die bekendste voorbeeld. Ook in die Griekse filosofie word die weg van die denke self met 'n sirkelagtige reis vergelyk. Reg aan die begin van die *Republiek* lei Plato die sirkelmotief in met sy vertelling van Sokrates se reis na en ook weer terug van 'n gebedsgeleentheid en 'n fees buite die stadsmure van Athene:

> *Sokrates: Ek was gister saam met Glaukon, seun van Ariston, op pad na die Piraeus (die hawe van Athene) om tot die godin te bid. Tegelyk wou ek graag sien hoe die fees verloop het, omdat dit die eerste keer was dat dit aangebied is… Nadat ons gebid en die fees bygewoon het, het ons na die stad teruggekeer.*[1]

Goosen skryf verder: "Met sy oënskynlik onskuldige inleiding antisipeer Plato die sirkulêre reismotief wat inhoudelik 'n belangrike rol in die *Republiek* speel. Om die belangrikheid van die sirkulêre motief te beklemtoon, sluit Plato dié belangrikste filosofiese werk uit die Klassieke denke af met die mite van Er. Daarin vertel Plato hoe Er vanaf en ook weer terug na die onderwêreld reis.

Bykans in die middel van die *Republiek* voer Plato egter die sirkulêre reismotief in die bekende grot-allegorie tot 'n soort filosofiese hoogtepunt. In die agtergrond van die grot-allegorie lê die Klassieke onderskeid tussen die wêreld van ongetoetsde opinies (*doxai*) en 'n egte kennis van die werklikheid self (*episteme*). In die grot-allegorie word die denkende lewensreis nie net as 'n vertrek vanuit die skaduagtige grot (die wêreld van ongetoetste opinies) na die lig (kennis van die ware werklikheid) verstaan nie, maar ook as 'n reis wat weer na die grot van opinies terugkeer.

Waarom die terugkeer? Plato is duidelik daaroor: die doel van die terugkeer na die grot is om die grotbewoners, wat steeds in die skaduagtige bestaan van opinies vasgevang is, tot 'n terugreis na 'n ware insig in die werklikheid aan te moedig.[2]

1 Uit Allan Bloom se Engelse vertaling van *Plato se Republiek* (1968:3).

2 Kyk na David Schindler oor die samehang tussen styl en inhoud in die *Republiek* in sy *Plato's critique of impure reason: On goodness and truth in The Republic* (2015).

"Tussen-opmerking: Plato se beskrywing van die sirkulêre reise in onder meer die *Republiek* rus op die filologiese verwantskap tussen 'denke' (*nous*) en 'tuiskoms' (*nostos*). Ingevolge dié verwantskap dui 'om te dink' op 'n terugkeer na die ware huis (wat ook die huis van waarheid is). In aansluiting hierby, *nous* en *nostos* is beide van die Indo-Europese woord *nes*, 'om na die lig en lewe terug te keer', afgelei.[3] Met sy grot-allegorie sluit Plato by hierdie etimologiese verband uit die vroeë Indo-Europese taaltradisie aan.

"Laastens kan ook na die voorbeeld van die Neoplatoniese denke, die grootse sintese tussen Plato en Aristoteles, verwys word. Ook daarin speel die sirkulêre reismotief 'n sentrale rol. Volgens die Neoplatoniese denke word die reis van die denke deur 'n grootse beweging van *exitus et reditus* gekenmerk, dit wil sê deur 'n beweging wat deur 'n 'uitgaan vanuit en 'n terugkeer na' gekenmerk word. In die besonder gaan die denke nie net vanuit die oorsprong van alles uit nie, maar dit keer ook weer terug na dieselfde oorsprong, nou verstaan as die doel van alles. Neoplatoniese denkers verwys in aansluiting by Plato na die oorsprong en doel van alles as die Goeie, maar ook as die Ene. In die Christelike Neoplatonisme word dit as 'God' beskryf."

Volgens Goosen is dit nodig om ook op twee uiteenlopende hedendaagse benaderinge oor die motief van die sirkelagtige (of elliptiese) reis te wys. Dit is twee benaderings wat in spanning verkeer. Goosen sluit self by die tweede benadering aan wanneer hy skryf:

"Die eerste en meestal hoogs kritiese reaksie op die sirkulêre reis van Odysseus lui dat dit op 'n geslote sirkelbeweging dui. Ingevolge hierdie opvatting sluit die begin- en eindpunte van die denkende lewensreis naatloos bymekaar aan. Die tradisie word sonder enige verandering herhaal. Gevolglik het ons hier met 'n identiese herhaling van dieselfde te doen. Odysseus, word krities aangevoer, is met sy tuiskoms presies dieselfde as wat hy met sy vertrek vanuit Attika was.

"Tydens sy reise het Odysseus met ander woorde geen egte ervaring met die onbekende ander gehad nie. In plaas daarvan dat hy deur die ander meegevoer en hy grondig uit sy vroeë identiteit geskud is, het hy in sy eie self vasgestol. Trouens, sy reise het slegs ten doel gehad om sy eie self te bevestig.

3 Jacob Howland se artikel "Odysseus against the matriarchy: A Homeric battle of the sexes" soos dit in die Herfs 2019-uitgawe van *Claremont Review of Books* verskyn.

“Volgens sy afwysende kritici sou Odysseus ’n beter keuse uitgeoefen het as hy nie na huis en haard teruggekeer het nie en eerder – in hedendaagse jargon – ’n nomade (’n tuistelose swerwer) geword het. Indien Odysseus ’n nomade sou word, sou hy sy eie self radikaal op die spel geplaas het. Vanweë sy terugkeer het Odysseus egter die nomadiese weg afgewys. Sodoende het Odysseus die argetipiese voorbeeld geword van die beweerde Westerse behieptheid met ’n eie vaste en onveranderlike identiteit.

“Volgens die kritiese opvatting,” skryf Goosen, “is dit ongelukkig nie die vreemde ander wat by Odysseus die voorkeur geniet nie, maar eerder die eie self. Odysseus en die idee van ’n vaste identiteit moet daarom ook verwerp word: ‘… I don’t give a damn about any of this […] Leave everything (behind),’ laat ’n kritikus hom in skerp terme oor die terugkeer na die eie tuiste uit.[4] As daar hoegenaamd van ’n tuiste sprake moet wees, lui die kritiese oordeel, moet dit eerder ’n tuiskoms in die tuisteloosheid van ’n nomadiese swerwersbestaan wees. Slegs so kan die Westerse obsessie met die eie identiteit deurbreek word.

“In die tweede antwoord op die sirkelagtige reis word anders geoordeel. Anders as met die eerste benadering word die gedagte van die terugreis na die eie verwelkom. Nogtans word die beeld van die geslote sirkel eweneens met ’n sekere voorbehoud hanteer. Die beeld van die ellips verduidelik beter wat by Odysseus ter sprake is. Die argument verloop so:

“Indien Odysseus se reise bloot ’n geslote sirkel was, word in die tweede benadering aangevoer, sou dit inderdaad tot ’n blote bevestiging van sy eie self gelei het. Dit sou tot ’n identiese herhaling van dieselfde gelei het. Nogtans moet die sirkulêre motief nie met ’n geslote sirkel verwar word nie, word bygevoeg.

“’n Beter beeld met behulp waarvan Odysseus se reise verstaan kan word, is daarom ook die beeld van die ellips. Ingevolge die elliptiese aard van die beweging buig die punte van die sirkel inderdaad na mekaar toe terug. Odysseus keer inderdaad huis toe. Nogtans skiet die punte ook weer bymekaar verby. In plaas van ’n identiese herhaling van dieselfde dui die elliptiese beweging eerder op ’n nie-identiese herhaling van dieselfde.

“Die elliptiese vertolking van die reis maak ’n ander vertolking van Odysseus en sy reise moontlik. Ingevolge die elliptiese beweging is daar iets anders in

4 André Breton, aangehaal in Phillip Blom se *Fracture* (2015).

sy reise op die spel as 'n blote bevestiging van die eie identiteit. Odysseus keer inderdaad terug. In die elliptiese beweging word die eie tog herhaal, maar nie op 'n identiese wyse nie. Iets anders gebeur. Tydens sy reise het Odysseus talle 'andere' ontmoet, selfs lewensgevaarlike figure soos Calypso, Circe, Polyphemus en die Sirene.

"Hierdie ontmoeting met die ander het hom nie ongeskonde gelaat nie. Inteendeel, met sy terugkeer het die nie-identiese sigself as't ware in sy vroeë identiteit tuisgemaak. Voortaan word Odysseus daarom ook deur 'n sekere skugterheid met betrekking tot homself en sy eie identiteit gekenmerk, nogtans sonder om die eie self te ontken. Odysseus is met sy terugkeer van sy eie voorlopigheid bewus.

"Anders as wat sy kritici van hom verwag, het Odysseus egter ook nie ingevolge die beeld van die ellips 'n nomade geword nie. Dit wil sê 'n reisiger wat onder meer uit oorwegings van skuld poog om soos die ander te word. Odysseus knoop nog by sy eie identiteit aan, maar nou met 'n verskil.

"Ingevolge die beeld van die ellips (die nie-identiese herhaling van dieselfde) bevind Odysseus homself met sy tuiskoms wat deur die Klassieke denke as die tussen (*metaxu*) beskryf is. Laasgenoemde is 'n plek en tyd tussen die self en die ander, tussen identiteit en nie-identiteit, die vertroude en die vreemde, die verlede en die toekoms, die goddelike en die aardse.

"Vanuit hierdie gesigspunt beoordeel, bevestig Odysseus nie maar net sy eie identiteit ten koste van 'n egte ervaring met andere nie. Tegelyk omhels Odysseus ook nie die nomadiese swerwersbestaan ten koste van die eie self nie. Odysseus bevind homself nou eerder op die ontwykende grens van die tussen. En volgens die Klassieke geleerdheid is dit – die tuiskoms in die tussen – die ware tuiste van die volwaardige mens.

"Trouens, volgens die Klassieke denke moet die tuiskoms in die tussen veral in verband met die deug der deugde, naamlik wysheid, gebring word. Want, het die Klassieke aangevoer, om in die metaksiese tuis te kom, beteken om die ekstreme (slegs die self of slegs die ander) te vermy. So bevind jy jouself op die weg na wysheid. Odysseus was in dié filosofiese strewe na wysheid 'n mitiese voorloper."[5] Tot sover die aanhaling.

5 Patrick Deneen se *The odyssey of political theory: The politics of departure and return* (2000). Kyk in hierdie verband ook na die steeds magistrale interpretasie van Plato as denker van die *metaxu* deur Eric Voegelin in *Order and History. Volume III: Plato and Aristotle* (1999).

Met behulp van die metafoor van die elliptiese reis kan ironies genoeg juis 'n blik op die denkweg van Goosen self oopgemaak word. Dit is bykans asof hy in die beskrywing van die Klassieke denkweg met 'n selfbeskrywing besig is. Teen hierdie agtergrond verwys ons slegs na enkele motiewe uit dié reis.

Volgens sy eie getuienis het Goosen in 'n konserwatiewe huis en wêreld grootgeword.[6] Hy bejeën sy tradisionele wortels met groot agting, dankbaarheid en bewondering. Nogtans neem hy in 'n tweede fase 'n kritiese afstand teenoor sy tradisionele wortels. Anders as talle van sy tydgenote wat van die tradisie afskeid geneem het, wend Goosen hom egter nie tot óf die liberale óf die sosialistiese (Marxistiese) denke nie, maar eerder tot die 'rewolusionêr-konserwatiewe' gedagte.

In dié denke is dit nie John Locke of Karl Marx wat as wegwysers optree nie, maar eerder figure soos Friedrich Nietzsche, Martin Heidegger, Ernst Jünger, Carl Schmitt en Antoine de Saint-Exupéry. Met behulp van hierdie en ander dekonstruktiewe denkers word die ou wêreld krities deursien en nuwe horisonne oopgebreek; dit alles sonder dat Goosen sy lojaliteit jeens sy eie gemeenskappe prysgee.

Alain de Benoist, Franse denker en *l'idéologue en chef* van die hedendaagse rewolusionêr-konserwatiewe gedagte, oefen ook 'n groot invloed op Goosen uit ('n essay van De Benoist oor die denke van Carl Schmitt word daarom ook met waardering in hierdie gedenkbundel opgeneem).

Tydens die derde fase keer Goosen na die tradisie terug. Dit is egter 'n tradisie met 'n groot verskil, naamlik 'n tradisie met dieper voeë, breër horisonne, lewegewender fonteine. In die besonder keer Goosen terug na die Klassieke en Middeleeuse filosofiese en teologiese denke. Dit alles sonder die verwagting dat die tradisie op 'n identiese wyse in die hede herhaal kan word. In sy terugkeer ontdek Goosen ook wat hy as die 'ander moderniteit' beskryf, dit wil sê dié moderniteit wat soos by Edmund Burke en Alexis de Tocqueville nie sy wortels met die tradisie afsny nie, maar wat 'n kontinuïteit daarmee handhaaf. So 'n 'gedifferensieerde kontinuïteit' met die verlede word deur Goosen as noodsaaklik geag om 'n antwoord te gee op die talle ekonomiese, sosiale, politieke en geestelike uitdagings van ons tyd.

6 Kyk na die onderhoud met Goosen in Pieter Duvenage se *Afrikaanse filosofie. Perspektiewe en dialoë* (2016).

Ook in die derde fase tree verskeie denkers as verwysingsbronne op. Hedendaagse denkers wat onder die vaandel van *ressourcement* (herontdek die bronne) vaar, asook denkers uit die 'radikale ortodoksie' van John Milbank oefen 'n beduidende invloed op Goosen uit om weer die gesag van die tradisie te ontdek. Hy beskryf dit as die terugreis na 'n "verdiepte sin vir die onuitputlike diepte van die tradisie".

Ter sprake is uiteenlopende hedendaagse denkers soos Wendell Berry, Patrick Deneen, Alasdair MacIntyre, John Milbank, Eric D. Perl, Josef Pieper, Catherine Pickstock, R.R. Reno, Michael Sandel, David L. Schindler, D.C. Schindler, Ad Verbrugge en Graham Ward. Reno, Milbank, Verbrugge en Ward lewer dan ook almal essays in hierdie bundel, wat nie net tekenend is van hulle invloed op Goosen nie, maar ook op 'n wederkerigheid dui wat sy invloed op en verhouding met hulle illustreer. Bykans sonder uitsondering skryf elkeen van hierdie gerekende akademici oor aspekte van wat as 'n herontdekking van die tradisie beskryf kan word. 'n Tradisie wat waarskynlik op sy mees grandiose wyse deur Milbank as 'n 'deelnemende ontologie' beskryf word.

Laastens moet op 'n groot aantal skrywers en openbare figure onder Afrikaners gewys word wat as mededenkers en vriende van Goosen optree. Ons verwys hier met groot waardering na die Afrikaanse medeskrywers aan hierdie gedenkbundel: Elirea Bornman, Flip Buys, Wikus Buys, Amanda du Preez-Goosen, Pieter Duvenage, Hermann Giliomee, Dirk Hermann, Kobus Krüger, Danie Langner, Piet le Roux, Heinrich Matthee, Marinus Schoeman, Jaap Steyn en Alwyn Swanepoel.

Ondanks die wyduiteenlopende benaderinge wat hulle onderling volg, spits hierdie skrywers dikwels hul denke en dade toe op vrae wat ook 'n wesenlike rol in die denke van Goosen speel. Alhoewel dit onmoontlik is om hier 'n volle opgawe daarvan te gee, sluit dit vrae in oor die historiese wording van die Afrikaners as kultuurgemeenskap; vrae oor die simbole ten grondslag van die heersende politieke orde; vrae oor die begrip 'tuiste' vir Afrikaners en die toekoms van die multikulturalisme; vrae oor die republikeinse tradisie en die betekenis van die begrippe 'gemeenskap' en 'globale indiwidualisme'; oor die alledaagse ervaring; oor die aard van die politieke hermeneutiek; oor die hedendaagse vrees (maar ook liefde) vir die eie; oor die wyse waarop 'n 'ander' tradisie oor gemeenskap dink; oor die rol wat die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), waarvan Goosen reeds sestien jaar die voorsitter is, in die vorming van 'n gemeenskapsidentiteit

gespeel het; oor die belangrikheid van tussen-instellings as antwoord op die sentralistiese en verswakkende staat; 'n beroep op die federatiewe tradisie en 'n klem op konstitusionele ordes wat in die gedagte van 'n gemeenskap van gemeenskappe eerder as in 'n kontrak tussen indiwidu en staat gegrond is; oor identiteit op die breuklyn tussen uiteenlopende kragte en tye; oor die eise waaraan demokratiese ordes vandag onderwerp word, en oor die wesenlike problematiek van toenemende eentaligheid (verengelsing) in 'n veeltalige land. Met enkele uitsonderings na kan die historiese oorspronge van die idees wat genoemde skrywers hanteer na bogenoemde tradisie teruggevoer word.

Danie Goosen is 'n besondere begaafde mens – 'n mens wat langs die intellektuele en persoonlike weg wat hy bewandel ook die sonderlinge gawe van die goeie oordeel by uitnemendheid geslyp het. Sy begaafdheid en sy afgeronde goeie oordeel het van Goosen ook 'n dankbare en gelowige mens gemaak.

As dankbare, begaafde mens is hy ook 'n mededeelsame mens – iemand wat mildelik die sonderlonge kennis, ervaring en insig wat hy op sy elliptiese reis opgedoen het, deel. Elkeen van die bydraes tot hierdie bundel en talle ander begunstigdes van hierdie mededeelsaamheid kan met genoegdoening hiervan getuig. Juis daarom is dit gepas en meer nog, 'n vreugde, om *Knooppunte: Opstelle vir en oor Danie Goosen* die lig te laat sien.

**Koos Malan, Johann Rossouw en Carel Boshoff**

*Pretoria, Bloemfontein en Orania; 2020*



Danie Goosen word beskou as een van dié vooraanstaande lewende Afrikaanse filosofiese denkers. In sy latere werk hou hy homself veral besig met die rol en toekoms van die Afrikaners, asook die lewenskragtige konsep van gemeenskap.

In hierdie bundel word daar hulde gebring aan dié hedendaagse denkleier, en word die ryke invloed van Goosen se intellektuele arbeid op prominente plaaslike akademici en gemeenskapsleiers illustreer.

Deur ŉ verskeidenheid essays oor Goosen se lewe en werk kry die leser ŉ beeld van sy vorming en die ontwikkeling van sy denke vanuit nasionale en internasionale oorde, maar dui die prominensie van die bydraers hier ook op die diep spore wat Goosen as mens en denker in Suid-Afrika, Europa en Amerika getrap het.

AKADEMIA
UITGEWERY

9 780620 858564